# INSTITVTIONIS CHRIstianæ religionis Liber primus.

## DE COGNITIONE DEI CREATORIS.

*Dei notitiam & nostri res esse coniunctas, & quomodo inter se cohæreant.* CAP. I.

TOTA ferè sapientiæ nostræ summa, quæ vera demū ac solida sapientia censeri debeat, duabus partibus cōstat, Dei cognitione & nostri. Cæterū quū multis inter se vinculis cōnexæ sint, vtra tamen alterā præcedat, & ex se pariat, nō facile est discernere. Nam primò, se nemo aspicere potest quin ad Dei in quo viuit & mouetur, intuitū sensus suos protinus conuertat: quia minimè obscurum est, dotes quibus pollemus, nequaquā à nobis esse. imò ne id quidē ipsum quod sumus, aliud esse quàm in vno Deo subsistentiā. Deinde ab his bonis quæ guttatim è cælo ad nos stillāt, tanquā à riuulis ad fontē deducimur. Iam verò ex nostra tenuitate melius apparet illa, quæ in Deo residet bonorū infinitas. Præsertim miserabilis hæc ruina, in quā nos deiecit primi hominis defectio, sursum oculos cogit attollere, nō modo vt inde ieiuni & famelici petamus quod nobis deest, sed metu expergefacti, humilitatē discamus. Nā vt in homine reperitur quidam miseriarū omnium mūdus, ac ex quo spoliati sumus diuino ornatu, pudenda nuditas immensam probrorū cōgeriem detegit: propriæ infœlicitatis conscientia vnūquenque pungi necesse est, vt in aliquam saltem Dei notitiam veniat. Ita ex ignorātiæ, vanitatis, inopiæ, infirmitatis, prauitatis denique & corruptionis propriæ sensu recognoscimus, non alibi quàm in Domino sitam esse verā sapientiæ lucem, solidam virtutē, bonorum omnium perfectam affluentiam, iustitiæ puritatē. atque adeò malis nostris ad considerandā Dei bona excitamur: nec antè ad illū seriò aspirare possumus, quàm cœperimus nobisipsis displicere. Quis enim hominū non libēter in se requiescat? quis etiam non requiescit quādiu sibi est incognitus, hoc est, suis dotibus est cōtentus, & inscius suæ miseriæ vel immemor: Proinde vnusquisque sui agnitione non tantū instigatur ad quærendum Deum, sed etiam ad reperiendum quasi manu ducitur.

2 Rursum, hominem in puram sui notitiam nunquā peruenire constat, nisi prius Dei faciem sit contēplatus, atque ex illius intuitu ad seipsum inspiciendū descēdat. Nam (quæ ingenita est omnibus nobis superbia) iusti semper nobis videmur & integri, & sapiētes, & sancti: nisi manifestis argumentis, iniustitiæ, fœditatis, stultitiæ, & impuritatis nostræ cōuincamur. Non autē conuincimur si in nos duntaxat ipsos respicimus, & non in Dominum quoque: qui vnica est regula ad quam exigendū est illud iudiciū. Quia enim ad hypocrisim naturā propensi sumus omnes, ideo inanis quædam iustitiæ species pro iustitia ipsa nobis abūde satisfacit. Et quia nihil inter nos vel circum apparet quod non sit plurima obscœnitate inquinatum: quod paulo minus fœdum est, pro purissimo arridet quādiu mentem nostrā intra humanæ pollutionis fines cōtinemus. Non secus atque oculus, cui nihil aliàs obuersatur nisi nigri coloris, candidissimū esse iudicat quod tamen subobscura est albedine, vel nōnulla etiam fuscedine aspersum. Quin ex corporeo sensu propius adhuc discernere licet quantū in æstimādis animæ virtutibus hallucinemur. Nam si vel terrā despicimus medio die, vel intuemur quæ aspectui nostro circumcirca patēt, validissima perspicacissimáque acie videmur nobis præditi: at vbi in solē suspicimus, atque arrectis oculis contēplamur, vis illa quæ egregiè in terra valebat, tāto fulgore protinus perstringitur & cōfunditur, vt fateri cogamur, illud nostrū in considerandis terrenis acumen, vbi ad solem ventum est, merā esse hebetudinē. Ita & in reputandis spiritualibus nostris bonis contingit [illegible] [illegible]

# INSTITUSIE VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS A1 OC 31 OS 31

## DIE EERSTE BOEK

## KENNIS VAN GOD, DIE SKEPPER[2]

### HOOFSTUK 1.

### KENNIS VAN GOD EN KENNIS VAN ONSSELF IS VERWANTE SAKE: DIE WYSE WAAROP DIT MET MEKAAR SAAMHANG

*1. Ons hulpeloosheid dwing ons tot die kennis van God*

Byna die volle eindtotaal van ons wysheid,[3] wat ons as die ware en grondige wysheid moet beskou, bestaan uit twee dele: kennis van God en kennis van onsself.[4] Hoewel die twee aspekte met baie bande aan mekaar verbind is, is dit tog nie maklik om te onderskei watter een van die twee aan die ander voorafgaan en hom voortbring nie. Want in die eerste plek kan niemand homself aanskou sonder om dadelik sy sintuie

[1] 'Institusie' het 'n lang geskiedenis van Lactantius tot by Erasmus en Calvyn deurloop. Onderrig en apologie is twee dinge wat 'n institusie vereis (Battles 1:xxxi, n. 3).

[2] Calvyn praat eerder van die 'kennis' as van die 'wese' of 'bestaan' van God. Dit beklemtoon dat die openbaring van God sentraal in die struktuur en inhoud van Calvyn se teologie staan. Die inhoud van boek I handel dus oor die skeppingsaktiwiteit van God eerder as oor hoe God in Homself is. Die vraag oor hoe God in Homself is, was prominent in die skolastiese teologie (Battles 1:35, n.1; Thomas, *Summa theol.* 1, 1.1.2: *De Deo an deus sit;* Bohatec, *Budé und Calvin,* 241 e.v.).

[3] Vgl. die 1536-uitgawe: Die eindtotaal van die leer (*doctrina*); hier: *sacra doctrina* teenoor *sapientia nostra* (1559).

[4] Hierdie gedagte van die samehang van selfkennis en Godskennis is nie oorspronklik in Calvyn nie maar het 'n lang geskiedenis (Clemens Alexandrinus, *Paedagogus* 3.1; Bohatec, 241; Battles 1:36, n. 2). Hierdie intieme samehang van Godskennis en selfkennis word in die Franse uitgawe van 1560 nog sterker gestel, nl. dat ons deur God te ken ook onsself ken: *C'est qu'en cognoissant Dieu, chacun de nous aussi se cognoisse* (Benoit 1:50).

tot die aanskouing van God, in wie hy lewe en beweeg,[5] te wend nie. Dit is trouens helderklaar dat die gawes waarin ons kragtig is, hoegenaamd nie uit ons self ontstaan het nie. Ja, selfs ons bestaan is niks anders as 'n bestaan in die enige God nie. Verder word ons deur hierdie seëninge wat soos druppels uit die hemel op ons dou, soos van strome af na die bron gelei.

Die grensloosheid van die gawes wat in God is, blyk nog duideliker uit ons eie onbeholpenheid. Veral die jammerlike val waarin die afvalligheid van die eerste mens ons gewerp het, noop ons om weer ons oë na Hom toe op te hef. Aangesien ons uitgeteer en verhonger is, moet ons nie alleen van hierdie bron af vra wat ons ontbreek nie, maar ootmoed[6] aanleer wanneer ons deur vrees vir Hom tot inkeer gebring is. Want soos daar in die mens 'n hele wêreld ellendes aan te tref is, so ontbloot ons skandelike naaktheid sedert die tyd waarop ons van ons Goddelike sieraad ontneem is, ons eindelose stapel skanddade. So moet elkeen ook deur 'n bewustheid van sy eie rampsaligheid gepynig word om ten minste tot 'n mate van kennis van God te kom. So kom ons na aanleiding van die gevoel van ons onkunde, ons ydelheid, ons hulpeloosheid, swakheid, boosheid en bedorwenheid tot die insig dat die ware lig van die wysheid, die onwrikbare krag, die volmaakte oorvloed van alle seëninge en die suiwerheid van die geregtigheid nêrens anders as net in OC 32
die Here alleen geleë is nie. Deur ons eie kwaad word ons só opgewek OS 32
om die seëninge van God te oordink. Ons kan egter nie in erns tot Hom nader voordat ons begin om 'n mishae in onsself te hê nie. Want watter mens sou nie graag op sy louere rus nie? Wie rus ook nie op eie louere solank hy aan homself onbekend is nie – dit beteken, solank hy met sy eie gawes tevrede en onbewus van, of ongedagtig aan, sy ellende is? So word elke mens nie alleen deur die kennis van homself geprikkel om God te soek nie maar ook as't ware aan die hand gelei om Hom te vind.

### *2. God se heerlikheid gaan die mens se begripsvermoë ver te bowe*

Verder staan dit vas dat die mens nooit tot suiwer kennis van homself kom nie, tensy hy eers die aangesig van God aanskou het en uit die aanskoue van God tot 'n ondersoek van homself neerdaal. Want – en dit is die hoogmoed wat in ons almal aangebore is – vir onsself lyk ons altyd regverdig, onberispelik, wys en heilig, behalwe as ons deur duidelike bewyse van ons onregverdigheid, ons afstootlikheid, ons dwaasheid en onreinheid oortuig word. Maar ons word nie hiervan oortuig so lank as ons ons oë net op onsself en nie ook op die Here rig nie. Hy is die enigste maatstaf na aanleiding waarvan ons hierdie oordeel moet meet. Want

[5] (Hand. 17:28).

[6] *Humilitas* ('ootmoed', soms met 'nederigheid' vertaal) is 'n kardinale begrip by Calvyn.

omdat ons almal van nature tot geveinsdheid geneig is,[7] stel enige ydele skyn van geregtigheid, pleks van geregtigheid self, ons oorvloedig tevrede. Omdat daar binne-in en rondom ons niks verskyn wat nie met die grootste onwelvoeglikheid besmet is nie, behaag iets wat minder onwelvoeglik is ons asof dit die hoogste reinheid het, solank ons ons verstand binne die perke van die mens se besmetting vaspen. Net so is 'n oog wat niks anders as swart raaksien nie, van oordeel dat grys met 'n bietjie wit of selfs met donkerbruin besprinkel, die suiwerste wit is. Ja, ons kan uit die gevoel van ons liggame nog beter onderskei hoe ons in die waardering van ons geestesvermoëns verbyster word. Want as ons in die middag ons oë op die grond rig of enigiets wat rondom ons sigbaar is, aanskou, lyk dit vir ons asof ons met 'n baie sterk en skerp OC 33 gesigsvermoë toegerus is; maar wanneer ons in die son inkyk en met oopgesperde oë reguit daarna kyk, word ons gesigsterkte, wat op die grond besonder kragtig was, dadelik deur so 'n groot glans afgestomp en verwar. Die gevolg is dat ons gedwing word om te erken dat ons skerpsinnigheid by die aanskouing van aardse voorwerpe louter stompsinnigheid is wanneer dit die son aangaan.[8]

Dit is ook die geval wanneer ons oor ons geestelike seëninge nadink. A2
Want so lank as wat ons ons oë nie buite die wêreld vestig nie maar OS 33
doodtevrede is met ons eie geregtigheid, wysheid en krag, vlei ons onsself met die grootste behaaglikheid, en dit lyk amper vir ons asof ons halfgode is. Maar as ons eenmaal begin om oor God na te dink, sy hoedanighede op te weeg en hoe volkome volmaak sy geregtigheid, sy wysheid en sy krag is (en na hierdie maatstaf moet ons onsself vorm), sal dit wat ons tevore onder 'n valse skyn van geregtigheid behaag het, ons weldra as die grootste ongeregtigheid afstoot. Dan sal iets wat ons onder die benaming 'wysheid' wonderbaarlik geïmponeer het, ons as die uiterste dwaasheid walg. Iets wat op 'n valse skyn van krag geroem het, sal dan as die jammerlikste magteloosheid aan die kaak gestel word. So is iets wat vir ons na die hoogste volmaaktheid lyk, glad nie teen die suiwerheid van God opgewasse nie.

### *3. Alles sidder voor die heerlikheid van God*

Hieruit ontstaan die verskrikking en bewing[9] waarmee die heiliges geslaan en getref is wanneer hulle die teenwoordigheid van God ervaar

[7] Daar is by Calvyn 'n noue verband tussen ootmoed en selfkennis (Battles 1:37, n. 4). Let op Calvyn se gebruik van die woord *natura* voor en na die sondeval. *Natura* word in albei gevalle gebruik. Vgl. *Inst.* 2.1.11, waar die twee betekenisse in die volgende sin langs mekaar staan: *Dicimus ergo naturali hominem vitiositate corruptum, sed quae a natura non fluxerit. A natura fluxisse negamus* . . .

[8] Plato, *Politeia* 7.514A e.v.

[9] Cicero, *De nat. deorum* 2.2.5 (LCL, 126 e.v.). Vgl. *Inst.* 1.2.2; 1.3.2.

het, soos die Skrif trouens oral vertel. Ons bemerk immers dat mense wat in die afwesigheid van God rustig vas bly staan, so geskok en verwar word wanneer Hy sy heerlikheid aan hulle openbaar dat hulle van doodsvrees inmekaar stort, ja, selfs daardeur oorweldig word en bykans tot niet gaan. Daarom moet ons die afleiding maak dat die mens nooit genoegsaam deur die kennis van sy eie nietigheid beïndruk of aangedaan word voordat hy homself nie met die majesteit van God vergelyk het nie.

Ons het trouens talryke voorbeelde van so 'n vrees, sowel in Rigters as in die profete,[10] in so 'n mate dat die volgende 'n algemeen gebruiklike uitdrukking onder die volk van God was: "Ons sal sterwe omdat die Here aan ons verskyn het!" Daarom put die geskiedenis van Job altyd die sterkste bewyse om die mens deur die bewussyn van sy dwaasheid, magteloosheid en onreinheid neer te werp juis uit 'n beskrywing van die wysheid, krag en reinheid van God. Dit is ook nie sonder rede nie. Want ons merk hoe Abraham duideliker erken dat hy grond en stof is sodra hy nader gekom het daaraan om die Here se heerlikheid te aanskou,[11] en hoe Elia sy aankoms nie kon afwag sonder om sy gesig te bedek nie,[12] so vreeslik is dit om Hom te aanskou. Wat moet die mens, wat self verrotting[13] en 'n wurm[14] is, dan doen wanneer selfs die gérubs uit dieselfde vrees hulle aangesig moet bedek?[15] Dit is natuurlik wat die profeet Jesaja bedoel wanneer hy sê: "Die son sal rooi word van skaamte, en die maan sal skaam wees; want die Here van die leërskare sal regeer."[16] Dit beteken: wanneer Hy sy glans verhef en nader bring, sal selfs die helderste voorwerp voor die glans in duisternis gehul word.[17]

Hoewel die kennis van God en die kennis van onsself wedersyds aan OS 34
mekaar verbonde is, vereis die juiste volgorde van ons onderwysing tog dat ons eersgenoemde eers bespreek en dat ons dan daarna na die behandeling van laasgenoemde oorgaan.

[10] Rigt. 13:22; Jes. 6:5; Eseg. 1:28; 2:1 e.v.; 3:14 (Job 9:4).
[11] Gen. 18:27.
[12] 1 Kon. 19:13.
[13] (Job 13:28).
[14] (Job 7:5).
[15] (Jes. 6:2).
[16] Jes. 24:23 Vg. Die substantiewe in Calvyn se teks staan soos hier, in ooreenstemming met die Vg. Dit verskil wel van die Afr.
[17] Jes. 2:10,19.